# KENNISGEWING VAN VOORGESTELDE KLASAKSIE SKIKKING

## AS JY 'n LID IS VAN DIE TRANSNET-TWEEDEVASTEVOORDEELFONDS (TTVVF) OF DIE TRANSPORT PENSIOEN FONDS (TPF) hierna gesamentlik verwys as die "FONDSE", LEES ASSEBLIEF HIERDIE KENNISGEWING DEUR, AANGESIEN DIE IMPLEMENTERINGVAN DIE SKIKKING JOU RAAK BEINVLOED

### DIE LEDE VAN DIE FONDSE SLUIT DIE VOLGENDE PERSONE IN:

- ELKEEN WAT 'n PENSIOEN VAN EEN VAN DIE FONDSE ONTVANG.
- ENIGEEN WAT 'n AKTIEWE LID IS VAN DIE TPF ( WERNEMERS VAN TRANSNET BEPERK, DIE SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS BEPERK ("SAL") OF DIE PASSASIERSPOORAGENTSKAP VAN SUID-AFRIKA ("PRASA") WAT TOT DIE TPF OF ENIGE SUB FONDSBYDRA.

**As jy 'n persoon is wat 'n belang in die voorgestelde skikking het ('n "Belanghebbende Party"), moet jy ook hierdie kennisgewing lees.**

Geyser & Coetzee Prokureurs is die regsverteenwoordiger vir lede van die TTVVF en die TPF insluitend die PRASA-subfonds van die TPF en die SAL-subfonds van die TPF) in die Klasaksie teen daardie twee Fondse en Transnet. Bpk. **(Transnet)**. Die Klasaksie is ingestel vir eise wat uit die volgende voortspruit:

- 'n Bewering dat 'n verteenwoordiger van Transnet se voorganger en die voorgangers van die Fondse in 1989 'n belofte aan die lede van die Fondse gemaak het. (Die beweerde belofte was dat pensioene elke jaar sou verhoog teen 'n koers van ten minste 70% van inflasie);
- 'n Bewering dat Transnet sy voorgangers se verpligting om 'n bedrag na die ou pensioenfondse oor te betaal, ten einde die Fondse in n gesonde finansiele posisie te behou,oorgeneem het (hier word verwys na die fondse wat uiteindelik met die Fondse vervang is), en
- 'n Beweerde onregmatige skenking wat deur een van die nuwe pensioenfondse aan Transnet gemaak is.

Die Klasaksie is op 31 Julie 2014 deur die Hooggeregshof gesertifiseer **(Sertifiseringsdatum)**. Pensioenarisse en ander lede van die TTVVF en die TPFis lede van die Klas. Geen huidige lede van die Fondse het gekies om hulle aan die Klasaksiete onttrek nie.

Die Klas se regsverteenwoordiger het 'n skikking met die Fondse en Transnet bedingen het 'n skikkingsooreenkom onderteken. Die Klasaksie-verteenwoordiger, Mnr JPH Pretorius en Mnr MD Kwapa,het ook die skikkingooreenkoms onderteken. Die partye tot die skikkingsooreenkoms het by die Hooggeregshof, Pretoria aansoek gedoen vir 'n hofbevel wat die skikkingsooreenkoms as bindend verklaar op die partye betrokke by die Klasaksie, insluitend al die lede van die Klas.

Die tersaaklike bepalings van die skikking sooreenkoms word soos volg opgesom:

### Voorwaardes

Die skikkingsooreenkoms moet deur die Hooggeregshof bekragtig word.

Die Minister van Openbare Ondernemings en die Minister van Finansies moet die wysigings van die reëls van die TTVVF en die Transnet-subfonds van die TPF (TSF) goedkeur ten einde die pensioenverhogings wat in die skikkingsooreenkoms genoem word te implementeer.

Die trustees van die TTVVF en TSF moet pensioenverhogingsbeleid goedkeurwat die implementering van die pensioenverhogings wat in die skikking genoem word, moontlik maak.

Die PRASA-subfonds van die TPFen die SAL-subfonds van die TPFmoet die nodige goedkeuring bekom vir die verbetering van voordele wat in die skikkingsooreenkoms voorgestel word met betrekking tot daardie twee subfondse.

Sommige van hierdie Voorwaardes mag reeds ten volle of gedeeltelik nagekom wees op die datum van hierdie Kennisgewing.

### Enkelbedraguitbetalings

Die partye het ooreengekom dat binne twee maande nadat hulle die skikkingsooreenkoms onderteken het, en selfs al is al die bogenoemde voorwaardes nog nie nagekom nie, sal elke Pensioenarisr 'n bedrag van R10 000,00 (tienduisend rand) ontvang. Die eerste bedrag is reeds in Desember 2019 aan die pensioenarisse uitbetaal. Die uitsondering is SAA-pensioenarisse, wat betaal sal word ná die werkgewersgoedkeuring wat vir die betalings benodig word, bekom is.

Elke Pensioenarisser sal ongeveer een jaar later (na raming in Desember 2020) 'n tweede bedrag van R10 000,00 (tienduisend rand) ontvang.

Elke Pensioenaris sal ongeveer een jaar daarna (na raming in Desember 2021) 'n derde bedrag van R10 000,00 (tienduisend rand) ontvang.

Elke betaling word deur die tersaaklike fonds gemaak , minus enige belasting wat die fonds verplig is om van elke Pensioenarisaf te trek of terug te hou.

Die Fondse behou die diskresie om bonusse addisioneel tot hierdie bedrae ingevolge hul reëls en beleid toe te ken indien dit bekostigbaar is.

Indien 'n persoon wat 'n Pensioenarisr was tot sterwe gekom het, of tot sterwe kom tussen die Sertifiseringssdatum en die datum waarop enige enkelbedrag betaalbaar word, sal een van twee dinge gebeur, afhangend van die Pensioenaris se omstandighede:

- Indien die oorlede Pensioenarisr enige afhanklikes nalaat wat deur die reëls van die tersaaklike Fonds as 'n oorlewende eggenoot-pensioenarisof as kinder-pensioenaris erken word, sal elkeen van daardie "nuwe" pensioenarisse geregtig wees op die voordele soos in die skikkingsooreenkoms uiteengesit, vanaf die datum van die afsterwe van die Pensioenaris en toekomstig, wat (waar van toepassing) een of meer pensioenverhogings en/of een of meer toekennings van die spesiale enkelbedraguitkerings insluit, en die boedel van die oorlede sal nie die enkelbedraguitkering(s) ontvang nie.
- Indien die oorlede Pensioenaris geen afhanklikes nalaat wat vir 'n pensioen van een van die Fondse of subfondse kwalifiseer nie, sal die oorlede Pensioenaris se boedel nie 'n eis teen die TTVVF of die TPFof enige subfonds van die TPFof Transnet hê nie, hetsy in terme van die skikkingsooreenkoms of andersins.

In die toekoms, en nadat die drie enkelbedraguitkerings gemaak is, sal die raad van trustees van elke Fonds die diskresie hê om enkelbedraguitkerings toe te ken indien hulle dit bekostigbaar ag, en in bedrae wat hulle bekostigbaar ag.

### Pensioenverbeterings

Die TTVVF en TPFsal voortgaan om op die gewone tyd 'n minimum pensioenverhoging van 2% per jaar toe te ken.

Pensioenarisse kan verskillende addisionele pensioenverhogings ontvang afhangende of die Pensioenaris 'n lid is van die (i) TTVVF, die TPFof die PRASA-subfonds van die TPF; of (ii) die SAL-subfonds van die TPF.

Hierdie spesiale pensioenverhogings sal toegeken word benewens die minimum pensioenverhoging van 2% per jaar.

### Spesiale verhogings vir TTVVF, TPF en PRASA-subfonds-pensioenarisse:

Die Fondse sal 'n spesiale algemene pensioenverhoging bo en behalwe die bogemelde 2%, van 11% (elf persent) toeken, nie later as twee maande vanaf die datum waarop daar aan al die Voorwaardes van die skikkingsooreenkoms voldoen is.

Ongeveer een jaar later sal die Fondse 'n tweede algemene pensioenverhoging van 7% (sewe persent)verhoging addisioneel tot die 2% toeken.

Ongeveer een jaar ná die verhoging van 7%, sal die Fondse 'n derde algemene pensioenverhoging bo en behalwe die 2% 'addisionele 4% (vier persent) verhoging toeken.

Let wel dat die PRASA-subfonds sy reëls eers moet wysig ten einde die spesiale verhogings toe te ken en aan pensioenarisse te betaal. Derhalwe sal die spesiale verhogings wat deur die PRASA-subfonds toegeken moet word nie in werking tree tensy en totdat die tersaaklike werkgewers- en Ministeriële goedkeuring in verband met sogenaamde reëlwysiging deur die Fonds verkry is nie.

### Spesiale verhogings vir SAL-subfonds-pensioenarisse:

Die SAL-subfonds van die TPF sal binne twee maande vandat daar aan al die Voorwaardes voldoen is, 'n spesiale pensioenverhoging aan elke Pensioentrekker toeken. Die spesiale pensioenverhoging sal deur die fonds se waardeerder vasgestel word as die pensioen waarop daardie Pensioenaris geregtig sou wees op die datum wat die verhoging in werking sal tree, asof die Pensioenaris 'n jaarlikse pensioenverhoging ontvang het sedert die pensioen vir die eerste keer betaal is, gelyk aan 70% van inflasie (jaar-tot-jaar-veranderinge in die VPI).

### Verdere pensioenverhogings

Vanaf die jaar wat volg op die een waarin die spesiale 4%-verhoging toegeken is sal die pensioenverhogingsbeleid van die TTVVF en die TSF poog om pensioenverhogings van ten minste 70% (sewentig persent) van die VPI (die minimum verhoging van 2% in die berekening van 70% van die VPI inkluis) voor oë hê. Die toekenning van die beoogde verhogings is onderhewig aan die bekostigbaarheid daarvan en die toestemming van die werkgewer.

Die direksie van die subfondse van PRASA en SAL kan verhogings aan die Pensioenarisse van hierdie fondse toeken wat groter of gelyk is aan, maar nie minder is nie, as die bogenoemde spesiale verhogings.

Die verpligtinge van die tersaaklike werkgewende maatskappye (Transnet, SAL en PRASA ten opsigte van die Fondse, onder meer die plig van finansiële ondersteuning, hou aan om van toepassing te wees op die Fondse en sluit ook die voordeelverbeterings soos in die skikkingsooreenkoms uiteengesit in.

### Die invloed van die skikking op aktiewe lede van die TPF

Die aktiewe lede van die TPFsal nie enige onmiddellike finansiële voordele in die vorm van enkelbedraguitkerings of onmiddellike pensioenverhogings soos hierbo beskryf ontvang nie. Aktiewe lede wat aftree voor die laaste voordeel soos in die skikkingsooreenkoms uiteengesit betaalbaar word, sal voordeel trek uit daardie skikkingsvoordele wat betaalbaar word vanaf die datum van hul aftrede. Aktiewe lede wat aftree ná die laaste voordeel soos in die skikking uiteengesit betaalbaar word, sal voordeel trek uit enige pensioenverhogings groter as 2% wat hul fonds of subfonds mag toeken, ingevolge die pensioenverhogingsbeleid van die tersaaklike fonds.

### Regskostes van die Klasaksie

Transnet sal die Klasaksie (die "Pensioentrekkers") se regs- en aktuariële kostes in verband met die Klasaksiedek, volgens die bepalings wat deur die Klasaksie se regsverteenwoordiger beding is.

### Skikking en afhandeling van die Klasaksie

Die Klas se regsverteenwoordiger sal 'n hofbevel bekom wat bevestig dat die Klasaksie en die Klas se eise volledig en finaal afgehandel is en dat die Klasaksiedus beëindig is.

Die skikking, soos bevestig deur die hofbevel van die Hooggeregshof, sal wegdoen met enige en alle eise van 'n lid van die Klas teen enige persoon met betrekking tot die historiese befondsing van die Fondse (of hul regsvoorgangers), die Fondse se vermoëns om pensioenverhogings van meer as 2% per jaar histories toe te ken, historiese belegging en ander transaksies wat daardie vermoëns beïnvloed het, of wat oënskynlik daardie vermoëns beïnvloed het, en die bestaan en status van die sogenaamde "erfskuld" soos in die Klasaksiegenoem.

### Finansiële herstrukturering wat die Fondse beïnvloed

Sekere bates wat deur die aktuarisse van die Fondse voorgestel word en waartoe die Fondse instem, sal van die TSF na die TTVVF oorgedra word om die TTVVF in staat te stel om die nodige verbeterings en betalings te maak soos hulle betaalbaar word.

Die Fondse en Transnet het ooreengekom om die Fondse en hul lede in die toekoms te konsolideer, en geen lede of verteenwoordigers van die Klas mag dit verydel of verhoed nie.

### Verhoor vir goedkeuring van die skikking

Die volgende inligting is van toepassing op lede van die Klas of enige party met 'n belang in die skikking.

- 'n Verhoor waartydens die Hooggeregshof sal oorweeg of dit die voorgestelde skikking sal goedkeur, sal op **14 APRIL 2020 (Keerdatum)** om 10:00 gehou word by die **Pretoriase Hooggeregshof h/v Paul Kruger & Madiba Straat, Pretoria Sentraal.**
- Enige lid van die Klas of belanghebbende party wat op die Keerdatum aan die verhoor wil deelneem, kan die Hooggeregshof toespreek oor die vraag of die voorgestelde skikkingsooreenkoms redelik, regverdig en bekostigbaar is, op die basis soos hieronder aangedui.
- Enige lid van die Klas en enige belanghebbende party wat teen die voorgestelde skikking of enige deel daarvan wil beswaar maak, moet die volgende stappe neem:
  - Kennisgewing van voorneme om te opponeer, gebaseer op die vorm wat beskikbaar is op die webwerf van die Klas se regsverteenwoordiger (www.geysercoetzee.co.za), moet aan die Klas se regsverteenwoordiger oorhandig word en by de Hooggeregshof ingedien word, nie later nie as **31 MAART 2020**.
  - Daar word vervolgens in hierdie publikasie na 'n lid van die groep of 'n belanghebbende party wat 'n kennisgewing van voorneme en 'n beëdigde verklaring indien as 'n **"Beswaarmaker"** verwys.
  - 'n Beswaarmaker moet 'n opponerende verklaring wat die gronde van die beswaar uiteensit aan die groep se regsverteenwoordiger oorhandig en by die Hooggeregshof indien, nie later nie as **7 APRIL 2020**.
  - Beswaarmakers moet die bogenoemde dokumente (kennisgewing van voorneme en antwoordende verklaring) per hand, per faks of per e-pos aan die Klas se regsverteenwoordiger oorhandig deur van die volgende besonderhede gebruik te maak:

    **GEYSER & COETZEE PROKUREURS**

    Die Regsverteenwoordiger van die Klas

    Baobab Nook 9

    Zwartkop x 4

    Centurion

    Aan: WW Coetzee

    Tel: 012 663 5247

    Faks: 012 663 5719

    E-pos: wynanda@geysercoetzee.co.za
- Let wel dat as geen kennisgewings van voorneme en antwoordende verklarings binne die tydperk hierbo aangedui ingedien word nie, sal die saak geskeduleer word vir verhoor op **onbestrede basis** op die Keerdatum **(14 APRIL 2020)**.
- Indien die saak bestrede is, sal die Keerdatum **uitgestel** word van **14 APRIL 2020** tot **17 JUNIE 2020** of enige ander of latere datum(s) wat die Hooggeregshof vasstel.
- Die Klasaksie-verteenwoordigers, die Fondse en Transnet (gesamentlik die **"Applikante"**) mag tot en met **4 MEI 2020** antwoordende verklarings in antwoord op enige verklarings van die Beswaarmakers indien.
- Die Applikante moet skriftelike betoë teen **18 MEI 2020** indien.
- Enige Beswaarmaker moet skriftelike betoë voor of op **25 MEI 2020** indien.
- Die Applikante moet skriftelike betoë in reaksie op die Beswaarmakers teen **2 JUNIE 2020** indien.
- Die Applikante sal die Beswaarmakers kennis gee van hierdie of ander keerdatums, en sal 'n kennisgewing op die webtuistes van die Klas se regsverteenwoordiger en Transnet plaas.
- Sodra die hof die betoë oorweeg het, sal die hof binne vyf (5) hofdae voor die keerdatum bepaal of mondelinge betoë toegelaat sal word. Die hof se besluit sal op Transnet en die regsverteenwoordiger van die Klas se webtuistes geplaas word.
- Enige betekenings aan enige Beswaarmaker sal per e-pos gestuur word aan die e-posadres wat in sodanige Beswaarmaker se kennis van voorneme vermeld is.
  - **Maak ASSEBLIEF** seker dat jy gereeld die webtuistes van die groep se regsverteenwoordiger en Transnet besoek (www.transnet.net) vir enige nuwe inligting en/of veranderings aan die verhoordatums.
- Jy kan 'n afskrif van die hofbevel, die skikking en afskrifte van die dokumente wat deur die Klas se regsverteenwoordiger, Transnet en die Fondse by die Hooggeregshof ingedien is by die Klas se regsverteenwoordiger kry (kontakbesonderhede soos hierbo aangegee).
- Elektroniese weergawes van hierdie dokumente sal op die Klas se regsverteenwoordiger se webtuiste beskikbaar wees.

### Die finale skikking

- Indien die hof die skikking goedkeur, sal 'n opsomming van die hof se beslissing in koerante gepubliseer word.
- Die hof se beslissing en die finale skikkingsooreenkoms sal:
  - beskikbaar gemaak word by die kantore van Geyser & Coetzee Prokureurs (adres soos bo aangedui);
  - op die webtuiste van die Klas se regsverteenwoordiger en op Transnet se webtuiste geplaas word; en
  - aan elke Beswaarmaker gestuur word.

GEYSER & COETZEE PROKUREURS ATTORNEYS

TSDBF TRANSNET SECOND DEFINED BENEFIT FUND

TPF Transport Pension Fund